LUG U MENING

Wysigingswetsontwerp op Kieswette [B 24 – 2026]

Oproep om Openbare Voorleggings en Kommentaar

Die Portefeuljekomitee oor Binnelandse Sake nooi hiermee belanghebbendes, belangstellende persone en organisasies uit om skriftelike kommentaar oor die Wysigingswetsontwerp op Kieswette [B 24 – 2026] in te dien.

Die wetsontwerp het ten doel om die volgende te wysig:

- die Verkiesingskommissiewet, 1996, om voorsiening te maak vir die verpligte deregistrasie van onverteenwoordigde partye wat versuim om jaarliks hul registrasie te hernu; om ’n bepaling in te voeg rakende die geskiktheid van geregistreerde partye om verkiesings te betwis; en om die samestelling van die Verkiesingshof te wysig.
- die Verkiesingswet, 1998, om sekere omskrywings te wysig; om ’n bepaling te skrap; om die bepalings te wysig wat voorsiening maak vir die vereistes vir geskiktheid om aansoek te doen vir registrasie as kieser; om besware te beperk tot slegs die voorlopig saamgestelde kieserslys; en om die gesag van die kommissie te spesifiseer om besware te beslis; en
- om ’n omskrywing te wysig aan die Plaaslike Regering: Munisipale Verkiesingswet, 2000, om ’n bepaling met betrekking tot die geskiktheid van geregistreerde partye om aan verkiesings deel te neem, te wysig, en om voorsiening te maak vir sake wat daarmee verband hou.

Die sluitingsdatum vir voorleggings is 30 November 2026 om 16:00. ’n Afskrif van die wetsontwerp kan by www.parliament.gov.za onder die skakel “wetsontwerpe” gevind word of aangevra word van die komiteesekretaris by die kontakbesonderhede hieronder.

Voorleggings moet gerig word aan die komiteesekretaris, mnr Eddy Mathonsi by e-posadres: Electorallawsbill@parliament.gov.za. Hy kan gekontak word by 083 709 8523.

Uitgereik deur agb M S Chabane, LP, Voorsitter: Portefeuljekomitee oor Binnelandse Sake

Parlement – Ons volg ons verpligtinge teenoor die mense op – Ons laat u toekoms beter werk